BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegee op gesag.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

of South West Africa.

Published by Authority.

1/- Donderdag, 4 Julie 1935. WINDHOEK Thursday, 4th July, 1935. No. 621

INHOUD.

*Bladsy.*

**Proklamasie —**

No. 12. Proklamasie van 1935 wat die goedkeuring van die Setlaarsonderstands-Ordonnansie 1935 deur die Goewerneur-generaal bekend maak . . . . . . . . . . 9476

**Ordonnansie —**

No. 12. Setlaarsonderstands-Ordonnansie 1935 . . 9476

CONTENTS.

*Page.*

**Proclamation —**

No. 12. Proclamation of 1935 signifying Governor-General's pleasure in respect of the Settlers Relief Ordinance, 1935 . . . . . . 9476

**Ordinance —**

No. 12. Settlers Relief Ordinance, 1935 . . . 9476

**PROKLAMASIE**

DEUR SY EDELE FRANCIS PRIESTLEY COURTNEY CLARKE, WAARNEMENDE ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 12 van 1935.]

NADEMAAL, die Setlaarsonderstands-Ordonnansie 1935 op of omtrent die vierde dag van Mei 1935 deur die Wetgewende Vergadering van die Mandaatgebied Suidwes-Afrika aangeneem is;

EN NADEMAAL genoemde Ordonnansie aangehou is vir die inwinning van die behae van Sy Eksellensie die Goewerneur-Generaal ingevolge artikel *twee-en-dertig* van "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet, 1925" (Wet van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika No. 42 van 1925), en deur hom ontvang is op die derde dag van Junie 1935;

EN NADEMAAL dit Sy Eksellensie behaag het om op dieselfde dag te verklaar dat hy genoemde Ordonnansie goedkeur;

SO IS DIT dat ek, ingevolge subartikel twee van artikel *drie-en-dertig* van bogemelde Wet No. 42 van 1925 hierby proklameer, verklaar en bekend maak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-Generaal behaag het om te verklaar dat hy die Setlaarsonderstands-Ordonnansie, 1935, goedkeur, wat hiermee gepubliseer word.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hierdie 2de dag van Julie 1935.

F. P. COURTNEY CLARKE,
*Waarnemende Administrateur.*

**PROCLAMATION**

BY HIS HONOUR FRANCIS PRIESTLEY COURTNEY CLARKE, DEPUTY ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 12 of 1935.]

WHEREAS, on or about the fourth day of May, 1935, the Settlers' Relief Ordinance, 1935, was passed by the Legislative Assembly of the Mandated Territory of South West Africa;

AND WHEREAS the said Ordinance was reserved for the signification of the pleasure of His Excellency the Governor-General in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act of the Parliament of the Union of South Africa No. 42 of 1925), and by him received on the third day of June, 1935;

AND WHEREAS on the same day His Excellency was pleased to declare that he allowed the said Ordinance;

NOW THEREFORE, in terms of sub-section (2) of section *thirty-three* of Act No. 42 of 1925 aforesaid, I do hereby proclaim, declare and make known that His Excellency the Governor-General has been pleased to declare that he allows the Settlers' Relief Ordinance, 1935, which is hereby published.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek, this 2nd day of July, 1935.

F. P. COURTNEY CLARKE,
*Deputy Administrator.*

---

No. 12 van 1935.]

# ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak dat die skulde wat aan die Administrasie van die Gebied verskuldig is deur grondbesitters kragtens die wette betreffende landnedersetting afgeskrywe word as 'n noodwendige maatreël van onderstand aan setlaars vir wie dit, ten gevolge van die ongunstige ekonomiese toestande, onmoontlik was om die betrokke betalinge te stort.

*(Goedgekeur 18 Junie 1935.)*
*(Afrikaanse teks deur die Waarnemende Administrateur geteken.)*

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. In hierdie Ordonnansie beteken "Die Landnedersettingswette van die Gebied" —

(1) "De Kroongrond Nederzettings Wet 1912" (Wet No. 12 van 1912) van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, soos van tyd tot tyd gewysig en op die Gebied toegepas en gemodifiseer vir dié doeleinde by Proklamasies deur die Administrateur Nos. 14, 29, 47 en 53 van 1920 en 26 van 1923, en Proklamasies deur die Goewerneur-Generaal Nos. 197 van 1921, 186 van 1931 en 205 van 1932.

No. 12 of 1935.]

# ORDINANCE

To provide that certain debts owing to the Administration of the Territory by holders of land under the laws relating to land settlement be written off as a necessary measure of relief to settlers who, owing to unfavourable economic conditions have been unable to make the payments concerned.

*(Assented to 18th June, 1935.)*
*(Afrikaans text signed by the Deputy Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. In this Ordinance "The Land Settlement Laws of the Territory" shall mean —

(1) The Land Settlement Act, 1912 (Act No. 12 of 1912), of the Parliament of the Union of South Africa as amended from time to time and as applied to the Territory and modified for the purpose by Proclamations by the Administrator Nos. 14, 29, 47 and 53 of 1920 and 26 of 1923, and Proclamations by the Governor-General Nos. 197 of 1921, 186 of 1931 and 205 of 1932.

(2) Die Landnedersetting Gekonsolideerde en Wysigings Proklamasie 1927 (Proklamasie deur die Goewerneur-Generaal No. 310 van 1927), soos van tyd tot tyd gewysig.

(3) "De Kroonlandenbeskikkings Ordonnantie 1903" van die Transvaal, en "De Gewijzigde Kroonlandenbeskikkings Ordonnantie 1906" van die Transvaal, soos op die Gebied toegepas en gemodifiseer vir dié doeleinde by Proklamasies van die Administrateur Nos. 13, 39 en 54 van 1920.

2. Enige skuld wat ten bate van die Administrasie van die Gebied gedurende die jare 1932, 1933 en 1934 opgeloop het as en vir rente op die koopsom om enige grond besit kragtens die voorsieninge van die Landnedersettingswette van die Gebied, of as en vir pag ingevolge die pagkontrak van enige grond besit kragtens die voorsieninge van die voormelde wette, wat op die datum waarop hierdie Ordonnansie van krag geword het, nog nie betaal is nie, word hierby verklaar afgeskrywe te wees:

Met die verstande dat waar enige sodanige skuld soos voormeld op die voormelde datum behoorlik betaal is, sodanige betaling gekrediteer sal word as 'n betaling teen die koopsom van sodanige grond of enige ander skuld wat aan die Administrasie deur die besitter van sodanige grond verskuldig is.

3. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Setlaarsonderstands-Ordonnansie 1935.

(2) The Land Settlement Consolidation and Amendment Proclamation, 1927 (Proclamation by the Governor-Genera' No. 310 of 1927), as amended from time to time.

(3) The Crown Land Disposal Ordinance, 1903, of the Transvaal, and the Crown Lands Disposal Ordinance, 1906, of the Transvaal, as applied to the Territory and modified for the purpose by Proclamations of the Administrator Nos. 13, 39 and 54 of 1920.

2. Any debt that accrued to the Administration of the Territory during the years 1932, 1933 and 1934 as and for interest on the purchase price of any land held under the provisions of the land settlement laws of the Territory, or as and for rent under the lease of any land held under the provisions of the said laws which has not been paid at the date when this Ordinance came into force, is hereby declared to be written off:

Provided that where any such debt as aforesaid has been duly paid at the aforesaid date, such payment shall be credited as a payment against the purchase price of such land or any other debt due to the Administration by the holder of such land.

3. This Ordinance may be cited for all purposes as the Settlers Relief Ordinance, 1935.

*John Meinert Ltd., Windhoek.*